01

Rus

Die Here is my herder; daar is niks wat my ontbreek nie. Hy laat my lê in groen weivelde; na water waar rus is, lei Hy my. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die pad van geregtigheid tot eer van sy Naam.

Psalm 23:1-3

Here

My seun word oorweldig deur 'n onmenslik besige program en die druk om sukses te behaal. Roep hom weg van sy besige lewe en gee vir hom u soet rus. Verkwik sy siel en gee vir hom nuwe krag. Help hom om te onthou dat U alles voorsien wat hy nodig het. Maak hom vry daarvan om uit eie krag te probeer werk en na sukses te streef. Laat hy stil word en weet U is God. Vertroos hom terwyl hy in u teenwoordigheid stil word. Amen.

02

Selfbeheersing

Dis beter om geduldig te wees as dapper.
Selfbeheersing is beter as om 'n stad in te neem.
Spreuke 16:32

Here

My seun het u hulp nodig om sy frustrasies en teleurstellings te hanteer. Bewaar sy hart van woede wanneer die lewe nie na sy sin verloop nie. Wanneer hy ontsteld raak, weerhou hom daarvan om teen ander uit te vaar met harde woorde of selfs met sy vuiste. Gee vir hom selfbeheersing wat sy jare ver oortref sodat hy met liefde sal reageer, en nie met haat nie. Vul hom met geduld. Neem alle woede wat sy lewe kan vernietig uit sy hart weg. Amen.